LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye, insluitende ‘n Addendum. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

Afdeling A	Begrip-, Taalvaardigheid en Visuele Geletterdheid (70 punte)
Afdeling B	Poësie (30 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in jou antwoordboek

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.

7. ALLE vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word.

8. Geen woordeboeke of leesboeke mag gebruik word nie.

9. Sterkte! ☺

AFDELING A: BEGRIP-, TAALVAARDIGHEID EN VISUELE GELETTERDHEID [70]

VRAAG 1: KOERANTARTIKEL (20)

Lees die artikel *'Bekende bakens in Gauteng was ook duur'* (Addendum, Teks 1) aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

1.1 Is die eerste sin van paragraaf 1 'n feit of 'n mening? (1)

1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1 in EEN sin. (1)

1.3 Sê in jou eie woorde wat "omskep" in paragraaf 2 beteken. (1)

1.4 Bespreek kortliks die rede vir die skryf van die artikel. LET WEL: Jou antwoord moet teksgebonde wees. (1)

1.5 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n "wolkekrabber" (paragraaf 3) is. Skryf EEN sin. (1)

1.6 Herlees paragraaf 3 – 5. Op grond waarvan kan jy aflei dat die hotel sy vyfsterstatus waardig was? Gee jou antwoord in EEN sin. (1)

1.7 Waarom dink jy word daar na die Ponte "as iets uit Star Wars" en "die toring van Babel" (paragraaf 6) verwys? Jou antwoord moet in TWEE sinne geskryf word. Maak seker dat jy 'n sin oor elke verwysing skryf. (2)

1.8 Waarom kan die Ponte as 'n besondere, bekende baken beskou word? Gee twee redes. (2)

1.9 Lei uit die teks af wat die uitdrukking " 'n stokkie voor dié planne gesteek" in paragraaf 8 beteken. Skryf EEN sin. (1)

1.10 Die Ponte wat uit 54 verdiepings bestaan, is korter as die Carlton-sentrum. Gee in EEN sin EEN rede waarom dit die geval is. (1)

1.11 Wat is moontlik die rede dat die Michelangelo Hotel en Towers nie 'n dertiende verdieping het nie? Skryf EEN sin. (1)

1.12 In watter opsig is die simboliese waarde, wat aan die vorm van die Uniegebou gegee is, vandag nog van toepassing?. (1)

1.13 Unisa word vandag as een van die wêreld se makro-universiteite beskou. Gee EEN rede daarvoor. (1)

1.14 Dui die geïmpliseerde ooreenkoms tussen paragraaf 17 en 18 aan. (1)

1.15 Noem een projek wat vandag in Gauteng ontwikkel word. (1)

1.16 Herlees die paragrawe oor die Carlton-sentrum, die Ponte en die Uniegebou. Kyk ook deeglik na die foto's van die geboue. Hoe verskil die geboue in struktuur of vorm van mekaar? Voltooi die onderstaande tabel deur net die vraagnommer (1.16.1 – 1.16.3) en die korrekte antwoord neer te skryf.

BAKEN	STRUKTUUR/VORM
Carlton-sentrum	1.16.1
Die Ponte	1.16.2
Die Uniegebou	1.16.3

(3)

VRAAG 2: SPOTPRENT (10)

Bestudeer die spotprent (Teks 2 in die Addendum) noukeurig en beantwoord die volgende vrae:

2.1 Watter visuele bewyse toon aan dat die persoon in die bed iets met skool te doen het? (1)

2.2 Hoe weet ons vanuit die **visuele inligting** dat hierdie persoon nie wil opstaan nie? Noem twee visuele bewyse. (2)

2.3 Watter gevoel word oorgedra deur die vrou se lyftaal? (1)

2.4 Op watter twee maniere word woorde in die spraakborrel beklemtoon? (2)

2.5 Watter twee redes word gegee in die spraakborrel waarom die persoon in die bed nie wil opstaan nie? (2)

2.6 Verduidelik die humor in die spotprent. (2)

VRAAG 3: OPSOMMING (10)

Lees die artikel *'Jy is nie dom of lui nie'* (Teks 3 in die Addendum) aandagtig deur en volg die instruksies:

- Som die *wenke wat aan disleksielyers gegee* word, **puntsgewys** op.
- Nommer jou wenke vanaf **nommer 1 tot 7.**
- Jou opsomming mag nie **90 woorde** oorskry nie.
- Onthou om jou opsomming eers te **beplan** en daarna jou beplanning **dood te trek**.
- Gebruik jou **eie woorde** in jou opsomming. Jy sal geen punte vir direkte aanhalings uit die teks ontvang nie.
- Onthou om jou **aantal woorde** aan te dui aan die einde van jou opsomming.

VRAAG 4: TAAL IN KONTEKS (30)

Die taalvrae wat volg, is op die artikel 'Warmbrakdag ook in SA gevier' (Teks 4 in die Addendum) gebaseer:

4.1 Die woord **'sport-spotprenttekenaar'** word met 'n koppelteken geskryf. Stem jy saam met hierdie spelling? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.2 Verduidelik die funksie van die morfeem in die woord **'tekenaar'** (paragraaf 3). (1)

4.3 Waarom word **'stalletjies'** (paragraaf 5) met twee l'e gespel? (1)

4.4 **'dolgelukkig'** (paragraaf 11) is die intensiewe vorm van 'gelukkig'. Gee nou die intensiewe vorm van die woord tussen hakies:

Wanneer jy by Sausage Saloon 'n warmbrak bestel, sal hulle dit (vinnig) aan jou bedien. (1)

4.5 Verwys na paragraaf 2. Die woord **'smous'** word hier as 'n werkwoord gebruik. Maak nou 'n sin waar jy dit as 'n **selfstandige naamwoord** gebruik. (1)

4.6 Verwys na paragraaf 2. Die woord **'immigrante'** word hier as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Verander die woord na 'n werkwoord. (1)

4.7 Identifiseer die woordsoort van elk van die volgende woorde:

4.7.1 Suid-Afrika (paragraaf 1)
4.7.2 besoek (paragraaf 8) (2)

4.8 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies. Jy kan van premorfeme, postmorfeme en klinkerwisseling/ metamorfeme gebruik maak om 'n nuwe woord te vorm.

4.8.1 *'n Warmbrak wat deur 'n fundi voorberei is, is besonder (smaak).*
4.8.2 *Die groot warmbrak wat deur Sara Lee Corp gemaak is, sal selfs die hongerste man se maag (vol).* (2)

4.9 Gee die meervoud van **'eetding'** (paragraaf 6). (1)

4.10 Skryf die stam/basisvorm van **'onsekerheid'** (par. 3) neer. (1)

4.11 Skryf die volgende sin in die **indirekte rede** oor:

David Strange: "Ek en my broer kan nie genoeg warmbrakke eet nie!" (2)

4.12 Beantwoord die volgende vraag in die **ontkennende (negatiewe) vorm**:

Het jy al ooit Sausage Saloon se warmbrakke geproe? (1)

4.13 Identifiseer die kern en die bepaler van die woord ‘konsessiesaak’ (par.5). (2)

4.14 Is die werkwoord in die volgende sin oorganklik of onoorganklik? Motiveer jou antwoord.

Sausage Saloon het in Maart 2000 internasionale erkenning verwerf. (2)

4.15 Voltooi die volgende vaste verbinding deur slegs die korrekte woord neer te skryf:

Die Amerikaners moes die feit dat warmbrakke baie populêr is, gelate _____. (1)

4.16 Identifiseer die woordsoort van die onderstreepte woord in die volgende sin:

NASA moes **<u>liewer</u>** ‘n hamburger op die spyskaart van die Apollo maanvlugte goedgekeur het. (1)

4.17 Brei die volgende sin uit deur van ‘n byvoeglike bepaling gebruik te maak: (Herskryf die sin met die byvoeglike bepaling in jou antwoordboek)

Gemiddeld word ‘n warmbrak in 6,1 happe verslind. (1)

4.18 Gee ‘n paroniem vir **‘verkies’** (par. 7). (1)

4.19 Skryf ‘n sinoniem vir **‘verneem’** neer (par.8). (1)

4.20 Volgens watter grondbeginsel van Afrikaans word ‘bord’ (par.8) met ‘n ‘d’ gespel? (1)

4.21 Kies die korrekte antwoord:

‘NASA’ (par. 13) is ‘n voorbeeld van ‘n (afkorting/akroniem). (1)

4.22 Kies die korrekte antwoord:

Die wêreld se grootste warmbrak (is/was) in 1996 deur Sara Lee Corp gemaak. (1)

4.23 Herskryf die volgende sin in die toekomende tyd:

Op 23 Julie, tydens ‘International Hot Dog Day’, bring Suid-Afrika saam met die res van die wêreld hulde aan een van die gewildste kitskosse ooit. (1)

4.24 Wat beteken die uitdrukking: **“…om vetsug hok te slaan…”** (par.14). (1)

4.25 Gee die verkleiningsvorm van ‘Amerikaners’ (par. 14) (1)

AFDELING B: POëSIE [30]

VRAAG 5: VOORBEREIDE GEDIG (10)

Bestudeer die volgende gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Sprokie vir ‘n stadskind

Koos Du Plessis

1	As die reën van stof en roet verby is
2	en die rook verdwyn,
3	sal daar in die sterrelose hemel
4	‘n neonboog verskyn
5	En kyk maar goed, want as jy hom vind,
6	vertel ek vir jou ‘n sprokie, my kind,
7	van ‘n skatkis, met ou kettings gebind,
8	aan die neonboog se punt.
9	Volg hom elke nag oor swart riviere,
10	oor kranse van beton;
11	as jy aanhou stap tienduisend ure,
12	sal jy dalk daar kom.
13	Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,
14	want so lui die ou, ou sprokie my kind;
15	As jy geluk en vreugde wil vind,
16	soek die neonboog se punt
17	Volg hom elke nag oor swart riviere;-
18	kyk nie één maal om.
19	Dalk vind jy die land van blou saffiere
20	en dalk ‘n brokkie son.

5.1 Lewer kommentaar op die tipografie van die gedig. (2)

5.2 Waarom verwys die spreker na ‘n ‘neonboog’ (versreël 4)? (1)

5.3 Wanneer en waar sal die ‘neonboog’ verskyn? (2)

5.4 Haal ‘n woord aan uit die gedig wat dieselfde beteken as “klein stukkie”. (1)

5.5 Identifiseer die stylfiguur wat voorkom in versreël 11. (1)

5.6 Identifiseer die waarskuwing wat die spreker aan die kind rig in strofe 4. (1)

5.7 Beskryf die tema van die gedig. (2)

VRAAG 6: VOORBEREIDE GEDIG (10)

Bestudeer die volgende gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

<u>Hansie en Grietjie</u>

Evelyn Castelyn

1	daar was eendag ‘n woud
2	aan die kant van die son,
3	die maan is ‘n flou olielamp,
4	Saans brand honderde kersies
5	die volgende môre word die kindertjies
6	Afgelaai by die heksie se huisie
7	hulle huil tot vanaand
8	na-vyf, na werk kom die
9	Stiefmammies en –pappies hulle haal
10	met ‘n ysterswaan
11	die nuutste model blaas rook
12	en jaag oor riviere teer
13	tot by kelders parkering
14	Dan word hulle opgehys
15	Gebad en gevoer in ‘n hok
16	Moet hulle soet gaan slaap
17	Eennag, het hansie en grietjie
18	Weggeloop, bo-oor die tralies geklim
19	en fyn en flenters geval
20	op die paadjies sement
21	ver van die huis af

6.1 Watter frase in die gedig (nié die titel nie), toon ‘n onmiddellike verband dié gedig en ‘n sprokie? (1)

6.2 Watter twee dinge word deur “aan die kant van die son” (versreël 2) gesuggereer? (2)

6.3 Haal die metafore in die gedig aan vir:

a) die dagmoeder
b) ‘n motor (2)

6.4 Gee twee voorbeelde uit die gedig wat aandui dat die kinders verontmenslik word, m.a.w. soos diere behandel word. (2)

6.5 Waarom verwys die spreker na “stiefmammies en –pappies” (versreël 9) (1)

6.7 Verduidelik hoe die einde van die gedig verskil van die einde van die oorspronklike sprokie. (2)

VRAAG 7: ONVOORBEREIDE GEDIG (10)

Bestudeer die volgende gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

<u>Stadsleeu</u>

Henk Havenga

1	Het jy al die stadsleeu gesien?
2	hy is kort en kleinerig
3	sodat hy in hysbakke pas
4	hy staan opsy vir dames
5	dra ‘n swart opvousambreel
6	en stap bedags in sy swart Carducci-pak
7	ge-selfoon en gefokus deur die stad
8	vyfuur sluit hy hom toe
9	woonstelhok
10	maar snags laat
11	voor ‘n oop venster
12	brul hy saggies
13	in die rigting
14	van die bosveld

7.1	Hoe slaag die digter daarin om die leser onmiddellik by die gedig te betrek?	(1)
7.2	Waarvoor is die stadsleeu ‘n metafoor?	(1)
7.3	a) Watter soort werk verrig die stadsleeu waarskynlik?	(1)
	b) Motiveer jou antwoord uit die gedig. Gee enige twee bewyse.	(2)
7.4	Uit watter woord kan jy aflei dat die stadsleeu nie vry voel nie?	(1)
7.5	Is die stadleeu hoflik? Motiveer jou antwoord.	(1)
7.6	Identifiseer die tipe rym wat in die gedig voorkom.	(1)
7.7	Watter woord dui ‘n verandering / kontras aan?	(1)
7.8	Verduidelik die moontlike kontras in r. 12.	(1)

GROOTTOTAAL: 100 PUNTE

ADDENDUM:

TEKS 1:KOERANTARTIKEL

BEKENDE BAKENS IN GAUTENG WAS OOK "DUUR"

1. In ons reeks oor bekende geboue in die verskillende provinsies, kyk ons vandag na Gauteng. Te midde van infrastruktuurontwikkeling soos die opgradering van die internasionale OR Tambo-lughawe, die Gautreinspoor en die oprigting van sokkerstadions is daar 'n gemor oor wanbesteding van fondse en 'n gekla oor duur geboue wat met belastinggeld gebou word.

2. Geboue se nut word ook bevraagteken. Min mense onthou dat daar in 1998 voorgestel is dat die Ponte-gebou, 'n bekende woonstelblok in Johannesburg, in 'n tronk omskep moet word. So is daar ook ander stories agter sommige van Suid-Afrika se bekendste bakens.

DIE CARLTON-SENTRUM

3. Die Carlton-sentrum is op 223 meter die hoogste gebou in Afrika. Bouwerk het in Januarie 1967 begin en is in 1974 voltooi. Die gebou het 50 verdiepings, maar is steeds 3 meter te kort om onder die wêreld se 100 hoogste wolkekrabbers te tel.

4. 'n Deel van die sentrum, wat in 'n onderstebo Y-vorm gebou is, is die Carlton-hotel (regs op die foto), 'n voormalige vyfster-hotel met 600 kamers. Die hotel het tydens sy bestaansjare bekende internasionale gaste soos Margaret Thatcher, Whitney Houston, Mick Jagger, Elton John en Michael Jackson gehuisves.

5. Die totale koste van die Carlton-sentrum was R88 miljoen. Die vervangingswaarde van die kompleks word vandag op R1,5 miljard beraam.

DIE PONTE IN JOHANNESBURG



6. Op die randjie van Hillbrow staan die Ponte, eens beskryf as iets uit Star Wars en ’n ander keer as die toring van Babel.

7. Die Ponte is na twee jaar se bouwerk eindelik in 1975 voltooi. Die totale koste het R11 miljoen beloop. Die gebou troon 176 meter die lug in. Dié ronde struktuur met 470 woonstelle strek oor 54 verdiepings en is die hoogste residensiële gebou in die Suidelike Halfrond.

8. Die Ponte is oorspronklik bedoel om uit 64 verdiepings te bestaan, maar die destydse stadsraad van Johannesburg het ’n stokkie voor dié planne gesteek.

9. Die gebou het meer verdiepings as die Carlton-sentrum, maar die totale hoogte is korter, vanweë die laer hoogtes tussen die vloer en die plafon.

10. Die advertensiebord bo-op die Ponte is die grootste en hoogste advertensiebord in die Suidelike Halfrond.

DIE MICHELANGELO HOTEL EN TOWERS

11. In vergelyking met die Ponte en die Carlton-sentrum kan ’n mens kyk na die onlangs voltooide Michelangelo Hotel en Towers in Sandton wat 146 meter bo die straatvlak van Sandton uittoring. Dié gebou is vandag die derde hoogste in Johannesburg en die vyfde hoogste kommersiële struktuur in Suid-Afrika.

12. Die Michelangelo het R750 miljoen gekos en is in September 2005 voltooi. Dié gebou het nie ’n dertiende verdieping nie.

DIE UNIEGEBOU

13. Die Uniegebou in Pretoria, gebou van ligte sandsteen, is deur die bekende sir Herbert Baker ontwerp en is 285 meter lank. Die gebou vorm 'n halfsirkel en verteenwoordig die eenwording van 'n nasie wat voorheen verdeeld was.

14. Die hoeksteen is in November 1910 gelê en die struktuur is in 1913 voltooi. Sowat 1 265 werkers het die konstruksie voltooi en die totale boukoste van die projek, saam met die koste van die erf, was £1,6 miljoen. (Vandag ongeveer R16 miljoen.)

UNISA

15. Nog 'n gebou in Pretoria met 'n unieke, indrukwekkende boustyl is die administrasie-gebou van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Unisa is in 1873 gestig en het aanvanklik bekend gestaan as die Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop. Met meer as 200 000 studente, kwalifiseer Unisa vandag as een van die wêreld se makro-universiteite.

16. Die indrukwekkende gebou op Muckleneuk-rif is in 1972 voltooi en het vier jaar geneem om te bou.

LAASTENS

17. Daar is nog baie soortgelyke feite en verhale uit die geskiedenis van Suid-Afrika se geboue waarna ons in hierdie reeks artikels verder gaan kyk. As 'n mens dieper krap, kom jy in alle provinsies af op baie ongelukkiges wat destyds gekla het oor die hoë boukoste en onnodige projekte in hulle omgewing.

18. Projekte wat vandag in Gauteng ontwikkel word, soos die Gautrein teen 'n verwagte R25,4 miljard, laat ook sommige mense net die kop skud en sê: "Geldmors."

19. Maar wie weet, dalk kyk ons nageslag eendag terug en wonder oor hoe "goedkoop" die boukoste van dié infrastruktuur was.

[Verwerk uit: *Sake24*, 18 September 2009]

TEKS 2: SPOTPRENT

[Uit *Die Burger*, 11 Januarie 2014]

TEKS 3: OPSOMMING

JY IS NIE DOM OF LUI NIE

Wat het Richard Branson, Walt Disney en Keira Knightley gemeen? Hulle is al drie supersuksesvol. Hulle het ook al drie disleksie. Hulle het egter nie toegelaat dat dié leerprobleem hulle van sukses beroof nie.

"Leerprobleme, soos disleksie, is 'n toestand waarmee 'n mens gebore word. Mense met disleksie is nie dom of lui nie. Die meeste van hulle het 'n bogemiddelde intelligensie," skryf 'n kenner op www.kidshealth.org.

Volgens die Internasionale Disleksievereniging is disleksie 'n taalgebaseerde leerprobleem, 'n neurologiese steurnis wat lees moeilik maak. So 'n leerprobleem kan oorerflik wees en breinontwikkeling speel dalk 'n rol. 'n Lae gewig by geboorte, 'n suurstoftekort of vroeggeboorte kon ook 'n impak op die ontwikkeling van die brein gehad het. Die presiese oorsaak van disleksie bly egter steeds 'n raaisel.

Wat nou? Beteken disleksie die einde van jou drome? Allermins!

Een van die belangrikste behandelingsmoontlikhede is om vroeg reeds met spraakterapie te begin, sodat jy die fyn verskille tussen woorde en klanke leer waarneem, klanke binne woorde in volgorde leer onthou en lettergrepe en klanke leer saamvoeg. Besoek leesklinieke – wat betekenisvolle lees- én skryfoefeninge insluit – om suksesvol te wees.

Disleksielyers kan boonop self iets aan die probleem doen! Gebruik 'n bandopnemer sodat jy tuis weer na die feite wat in die klas bespreek is, kan luister. Dis ook nuttig om met behulp van prentjies te leer. Die visualisering van leermateriaal versterk die vaslegging van beelde in die brein. Dis eweneens belangrik om nie op die nippertjie te begin leer nie. Voorbereiding vir toetse en eksamens moet dwarsdeur die jaar, op 'n daaglikse grondslag, plaasvind. 'n Neiging wat deesdae baie veld wen, is om eksamens verbaal af te lê.

Emosionele ondersteuning deur familielede is baie belangrik, want dit stel dislektiese kinders in staat om in hulle eie vermoë en hul eie talente te glo!

Jy is nie dom of lui nie – jy moet net 'n ander roete kies om by jou bestemming uit te kom, om gróót te word soos Keira Knightley en Richard Branson!

[Aangepas uit *Beeld*, 14 Mei 2012 en www.health24.com/huisgenoot]

TEKS 4: TAAL IN KONTEKS

WARMBRAKDAG OOK IN SA GEVIER

1 Elke hond kry sy dag – selfs die 'hot dog'. Op 23 Julie, tydens International Hot Dog Day, bring Suid-Afrika saam met die res van die wêreld hulde aan een van die gewildste kitskosse ooit. Parades maak deel van hierdie vieringe uit en dis tradisie dat 'n groot deel van die opbrengs vir liefdadigheid gaan.

2 Amerika – waar immigrante van Duitse herkoms in die 1850's begin het om worsies van stootkarretjies af te smous, het vandag selfs 'n 'Hot dog Council'. Geen wonder nie. Amerikaners verslind gemiddeld 60 warmbrakke per kop – so 7 miljoen per jaar. Inkomste hieruit het al in 2010 'n enorme R16 biljoen beloop. Dit is nie net maklik om te maak nie, maar smaak vorentoe!

3 Die naam 'hot dog' word aan die Amerikaanse sport-spotprenttekenaar TAD Morgan toegeskryf, wat ongeveer 1 900 prentjies van warm worsies op rolletjies geteken het, soos hulle tydens Yankee sagtebal-wedstryde in New York aan toeskouers verkwansel is. Weens dié tekenaar se waarskynlike onsekerheid oor die spelling van 'Dachshund', het hy hulle sommer 'hot dogs' genoem. Die benaming 'hot dogs' het gebly en met 'n uitbundige geblaf die wêreld begin inneem.

4 Sausage Saloon is een van Suid-Afrika se toonaangewende 'hot dog'-konsessiesake (franchises) en gaan vir elke warmbrak wat op die groot dag gekoop word, R1 aan Reach for a Dream Foundation skenk.

5 Sausage Saloon het in Maart 2000 internasionale erkenning verwerf toe nege van sy worsies op die DLG-gehalte kompetisie in Duitsland medaljes verwerf het, vier van hulle nogal goues. Dié konsessiesaak het vinnig wêreldwyd aftrek gekry. Sedertdien bied die eienaars, David en Steven Strange, kursusse vir mense aan wat hul worsies in winkels en stalletjies in Suid-Afrika se besigste strate en sentra verkoop.

6 Is jy lus vir hierdie gesogte eetding? Hoe gemaak om 'n ordentlike warmbrak aanmekaar te slaan? Hou 'n fundi dop. Hy of sy sal nooit as te nimmer met die smeersel op die rolletjie peuter nie, dié kom altyd net op die worsie self. Die korrekte volgorde is: smeersel (byvoorbeeld mosterd), dan die vastigheidjies (uitjies of so), dan kaas as dit jou geval, met die speserye heel bo-op.

7 Die ouens wat opnames van dié klas goed maak, sê die ouer garde verkies mosterd en die jongelinge verkies tamatiesous. Of ag, dalk sommer albei. Dis jou brak, maak hom blaf soos jy wil.

8 Besoek www.sausagesaloon.co.za om meer te verneem as jy op die groot dag saam wil gesels. Of gaan loer gerus by jou naaste Sausage Saloon in waar hulle daardie worsies so lekker om die rooster tol en jou warmbrak binne 'n minuut op jou bord het.

NOG INTERESSANTE FEITE OOR WARMBRAKKE

9 Warmbrakke is só gewild in Amerika, dat sagtebal-aanhangers die afgelope seisoen meer as 26 miljoen warmbrakke by Amerikaanse sagtebalstadions verorber het. Dit is genoeg worsies om die veld 36 000 keer te omsirkel.

10 Om die Olimpiese Spele in 1996 te vereer, is die wêreld se grootste warmbrak deur Sara Lee Corp gemaak. Hierdie warmbrak was 1996 voet lank!

11 Die gewildste sous vir 'n warmbrak onder volwassenes, is mosterd (87.6%). Kinders is egter dolgelukkig met tamatiesous.

12 Gemiddeld word 'n warmbrak in 6,1 happe verslind.

13 NASA het 'n warmbrak goedgekeur op die spyskaart van die Apollo maanvlugte, Skylab missies en ander ruimtevaarte as 'n gereelde dis.

14 Daar word elke sekonde 818 warmbrakke in Amerika verslind. Geen wonder die Amerikaners sukkel om vetsug hok te slaan nie.

[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 27 Julie 2013]